**Oorwin die versoekings op grond van die werk en voorbeeld van Jesus.**

(Matt 4:1-11)

INLEIDING

Die slag van Antietam in 1862 word as die bloedigste dag in die Amerikaanse Burgeroorlog beskryf. Binne twaalf ure het sowat tienduisend van die Konfederasiemagte (die suidelike state, ten gunste van slawerny) gesterf, en selfs meer aan die kante van die Verenigde State se magte.

Hoewel die veldslag skynbaar gelykop geëindig het, het die Verenigde State (die Noordelike state) se generaal, George McClellan, daaraan geslaag om Robert E. Lee se opmars na Maryland te stuit, en hom geforseer om terug te val oor die Potomac-rivier. Wat hom baie gehelp het, is die kopie van Lee se aanvalsplanne wat twee van sy soldate gevind en voor die slag aan McClellan oorhandig het.
(Uit: Thomas Bailey and David Kennedy, eds., *The American Pageant*, 9th ed. D.C. Heath, 1991.)

Net soos in die geval van Generaal McClellan, het ons vyand, die duiwel, se planne in ons hande beland. Ons ken die strategieë waarmee ons verlei en voorgelê word. En ons ken die volkome oorwinning van ons eie Here en Meester. Ons het sy voorbeeld waarmee ons bemagtig word om saam met Hom mede-oorwinnaars te wees.

1. Jesus, die Seun van God, word versoek

Matteus beklemtoon in sy evangelie dat Jesus die Seun van God is. 'n Paar voorbeelde uit die eerste hoofstukke:

- Jesus word deur die Heilige Gees in Maria verwek.
- Na sy geboorte bring wyse manne koninklike hulde aan Hom
- Na sy doop, is daar 'n stem uit die hemel wat bevestig: *"Dit is My geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My."*

Sodra Jesus se doop afgehandel is, lei die Gees Jesus die woestyn in om versoek te word. Die leiding van die Gees onderstreep dat Jesus se versoeking, sy toetsing as Messias, deur God toegelaat word. In die versoeking blyk die egte Seunskap van Jesus.

Opvallend genoeg val die duiwel elke keer Jesus se Seunskap aan: *"As U die Seun van God is..."* klink soos 'n refrein deur die drie versoekings. Mens kan sy woorde ook só verstaan: *"Aangesien U die Seun van God is...."*

2. Jesus word spesifiek in die woestyn versoek

Dit is belangrik dat die woestyn die toneel van die versoeking is. Jesus haal Deuteronomium 8:3, 6:16 en 6:13 aan wanneer Hy op die duiwel se versoekings reageer. Die aanhalings kom uit 'n gedeelte waarin dit om die versoeking van Israel in die woestyn gaan. Die egtheid van hul kindskap is daar vir 40 jr getoets. Jesus verkeer 40 dae in die woestyn en waar Israel gefaal het, triomfeer Jesus.

3. Die versoekings

3.1 40 dae is 'n lang tyd om sonder kos te bly. Aangesien Jesus die Seun van God is, sou Hy sy honger deur 'n wonderdaad kon verlig. Die versoeking is hier dat Jesus sy mag as Seun van God sou misbruik ter wille van Homself, dat Hy self ingryp en nie wag op sy Vader nie. ("Jy sal moet ingryp en iets aan jou heil doen – jou Vader gaan jou hier in die woestyn laat omkom!" Probeer wig tussen hulle indryf.) Sy antwoord uit Deut 8:3 toon dat volkome gehoorsaamheid aan God se Woord en wil belangriker is as brood. Jesus vertrou God dat Hy wel op Sy tyd en op Sy manier sal voorsien. Dit gebeur wanneer engele aan die einde Hom kom "versorg".

3.2 Die tweede versoeking (4:5-7) konsentreer op hoe Jesus by die tempel skouspelagtig sy Messiasskap kan bewys. Hy sou vinnig vir Hom 'n naam kon maak en mense se verbeelding aangryp, maar Hy gee nie toe aan die versoeking van die Duiwel nie. God is nie daar as 'n vangnet sodat ons maar ons eie kop kan volg en roekeloos kan lewe nie. Jesus was verbind tot gehoorsaamheid aan God se manier. Daarom het Hy ook nie aan die kruis toegegee aan die versoeking om af te kom toe hulle Hom uitgedaag het nie: (Matt 27:42) *"Ander het Hy gered, maar homself kan Hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat Hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo."* Sou kon, maar dit was nie volgens God se plan nie. Probeer daarmee weer wig indryf in verhouding.

3.3 In die derde versoeking (4:8-11) tree die duiwel op asof hy die wêreldheerser is en beloof aan Jesus al die koninkryke van die wêreld as Hy sou neerval en Hom aanbid. Hy stel 'n kortpad voor. Daar sou dan geen lydensweg in gehoorsaamheid aan God nodig wees nie. Jesus is nie daartoe bereid nie. *"Gaan weg agter my Satan ..."* sê Hy. Jesus noem die Satan by die naam om hom aan te sê dat hy die teenstander van God is. Hy kan nie aanspraak maak om aanbid te word nie. Net God moet aanbid word (vgl. Deut. 6:13). Jesus weet dat God uiteindelik aan Hom al die mag sal gee, op aarde maar ook in die hemel. Nou het Hy eers 'n taak te vervul. En dit sal Hy doen sonder om na links of regs af te wyk. Hy is nie bereid om kortpaaie te soek nie. In die slottoneel wyk die duiwel en die engele versorg Jesus. Dit wys vooruit op die Seun se mag. Uiteindelik sal die duiwel vernietig word. Hy het die toets geslaag as die Seun van God.

Die toneel van Israel se mislukking, die woestyn, word in Jesus die toneel van oorwinning. Hy oorwin die versoeking, Hy bly volledig gehoorsaam, sodat ons in die vrug van die oorwinning kan deel.

Daaroor kan ons juig en feesvier. Dit wil egter geensins sê dat ons nie ook versoek sal word en dat daar nie vir ons ook 'n stryd oorbly om te stry nie! Daarom nodig om strategie te ken.

4. Die strategie agter die versoeking

As die duiwel nie die Seun van God ontsien nie, wat van ons as mense! Ons mense is broos (muur van China). Daarom leer Jesus ons bid: *"Laat ons nie in versoeking kom nie…"*

Versoeking is 'n realiteit waaraan ons nie kan ontkom nie. Luther: "Mens kan nie verhinder dat die voëls oor jou kop vlieg nie, maar jy kan keer dat hulle nes maak in jou hare!" Mens kan met ander woorde nie versoekings totaal vermy nie, maar jy kan keer dat jy jou daaraan oorgee.

Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 52, vr 127): "Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande – die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur – nie op om ons aan te val nie." Die versoeking as sodanig is dus nie God se "skuld" nie. Dit kom van die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur. Jakobus skryf: *"Iemand wat in versoeking kom moet nooit sê nie: Ek word deur God versoek'; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en hom saamsleep."* (1:13-14)

Vanoggend se teks is soos genl. McClellan se soldate wat Lee se beplanning kom oordra het. Net soos in die geval van Generaal McClellan, het die vyand se planne in ons hande beland. Ons ken die strategieë waarmee ons verlei en voorgelê word. En ons ken die volkome oorwinning van ons eie Here en Meester. Gevolglik kan ons die versoekings makliker weerstaan -

Versoekings om materiële gewin bo gehoorsaamheid aan God te stel; om ons eie kop te volg en dan te verwag dat God moet sorg dat alles goed uitwerk in plaas van om in te val by God se plan; om kortpaaie agter die duiwel aan te volg, eerder as die pad van selfverloëning agter Christus aan. Elke versoeking is 'n poging van die versoeker om 'n wig tussen ons en ons hemelse vader in te dryf, is 'n toets vir die egtheid van ons kindskap van God, vir die egtheid van ons geloof en ons liefde.

5. Gelukkig het God raad met versoeking.

Christus het aan die kruis uitgeroep: *"Dit is volbring!"* (Joh 19:30) Die oorwinning oor die satan is behaal. Die opstanding was die bevestiging daarvan. In Kol 2:15 roem Paulus in Christus se oorwinning oor die Bose: *"Hy (God) het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."*

Al lyk dit nie aldag so nie – JESUS is die Here. HY is in beheer van die wêreld en nie die Satan nie. Hy het die wêreld en die bose oorwin. Ons kan hieruit moed skep om elke dag versoekings te weerstaan. Jesus wys dat ware mag in gehoorsaamheid aan en in vertroue in God lê. Laat ons Hom navolg!

Ons kan vashou aan God se belofte: *"Hy (God) sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan."* (1 Kor 10:13)

Ons kan elke dag as oorwinnaars uit die stryd tree deur in 'n afhanklike verhouding tot God te leef. Waak teen die dun end van die wig! Wanneer ons volhard, sê Jak 1:12 *"Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As jy die toets deurstaan het, sal hy/sy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan die wat Hom liefhet."*

BID: *Ons Vader…*

Amen

13/3/11